

Dinsdag 3 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 7

Fokusgedeelte: Openbaring 7:14-15 (AFR53)

God maak ons deur sy Lam oorwinnaars!

Hoe genadig is die Here nie? Hier in Openbaring 7 gee die Here vir ons as sy kinders groot troos. In vers 1-8 word die 144 000 vir ons genoem om die volkome kerk van die Here aan te dui. Hierdie 144 000 is sy verseëlde (eiendom/kinders), met die brandmerk van die Here op hulle voorkoppe. Hulle behoort aan Hom. Hulle het deur die bloed van ons Here Jesus Christus deel geword van God se huisgesin. En hier in vers 9-17 is hulle skoon gewas deur Christus se bloed en het wit, vlekkelose klere ontvang.

Dit is hulle wat deur die Here genade bewys is, want hulle het die teenoorgestelde ontvang as wat hulle verdien het. Hulle moes die straf op hulle sonde ontvang, maar die Here gee aan hulle verlossing van hulle sondes. Die vlek van die sonde is nie meer op hulle liggaam of siel te sien nie. Die menigte is waardig om met vrymoedigheid die teenwoordigheid van die Here binne te gaan. Hulle het deur verdrukking (vs 14) gekom en het vasgehou aan die ware Lam. Hulle kan voor die troon van die Here verskyn en Hom loof en prys, omdat Christus hulle oorwinnaars van die sonde en die gebrokenheid van die wêreld gemaak het.

Daarom wil hulle Hom dien en verheerlik dag en nag in die tempel. Hulle kan bly wees, want hulle is sonder sonde, ongeregtigheid, straf, lyding, swaarkry, seerkry, armoede, siekte of tranes, veilig in die teenwoordigheid van die Here. Die plek waarna hulle gesmag het en waar die volmaakte beleef word in die ewige lewe saam God. Die plek waar hulle elke dag nie dors is nie, maar kan drink uit die fontein van water wat lewe gee.

Sing: Skrifberyming 18-6 (23-2):1-5

Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)